**SENWES BEPERK**

**(GEÏNKORPOREER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)**

**Registrasienommer 1997/005336/06**

**(“Senwes” of “die Maatskappy”)**

---

**AANDELETERUGKOOPPROGRAM (“DIE PROGRAM”)**

Hiermee word aandeelhouers in kennis gestel dat die Raad van Direkteure van Senwes die implementering van die Maatskappy se aandeleterugkoopprogram met ingang van 10 Julie 2026 goedgekeur het.

Senwes stel hiermee sy aandeelhouers in kennis dat gewone aandele in Senwes deur die OTC-aandeleverhandelingsplatform (“die OTC”) teruggekoop sal word. Die Raad het ’n totale bedrag van R15 miljoen vir die doeleindes van die Program goedgekeur.

Die Program is gestruktureer as ’n pro rata-aanbod aan alle aandeelhouers, waardeur alle aandeelhouers ’n gelyke geleentheid gebied word om op dieselfde bepalings aan die Program deel te neem.

Alle terugkope wat ingevolge die Program uitgevoer word, sal geïmplementeer word ooreenkomstig die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig (“die Wet”), die Akte van Oprigting van Senwes en die besluite wat deur die Raad geneem is. Die teruggekoopte aandele sal as tesourie-aandele gehou word soos beoog in artikel 48(2)(b) van die Wet.

Ingevolge die Program beoog Senwes om gewone aandele terug te koop teen ’n prys wat wissel tussen R20,00 en R24,00 per aandeel, afhangende van heersende marktoestande en die aantal aandele wat vir verkryging in die mark beskikbaar is.

Die Raad is van mening dat die Program in die beste belang van Senwes en sy aandeelhouers is en dat die prysreeks billik en redelik is, met inagneming van die onlangse

werklike gemiddelde markprys van Senwes-aandele en die doelwit om aandeelhouerdeelname te fasiliteer.

Die Program sal op 10 Julie 2026 in werking tree en sal van krag bly totdat die totale terugkoopbedrag van R15 miljoen benut is of totdat die Raad bepaal dat die Program beëindig moet word, welke ook al eerste plaasvind.

Aandeelhouers is nie verplig om aan die Program deel te neem nie.

Aandeelhouers wat aan die Program wil deelneem, kan die OTC-aandeleverhandelingsplatform kontak vir verdere inligting rakende die verkoop van hul Senwes-aandele.

OP LAS VAN DIE RAAD

MEV D BESTER
GROEP HOOFUITVOERENDE BEAMPTE

10 Julie 2026